

**Woensdag 31 Mei**

**Skrifgedeelte: Sagaria 4:1-14**

**Fokusgedeelte: Sagaria 4:1-6**

**Die Heilige Gees is die kragbron van die kerk**

In 'n vyfde gesig sien Sagaria 'n goue kandelaar met 'n oliebak met sewe tuite en twee olyfbome, een regs en een links van die oliebak.

Die kandelaar is in die Bybel die simbool van die kerk (vgl. Op. 1:12, 13). Soos ons weet, het daar in die tabernakel 'n goue kandelaar in die heilige deel gestaan wat die belangrikste bestanddeel van Israel se heiligdom was. Die grootste taak vir die teruggekeerdes uit ballingskap was om onder leiding van Serubbabel die tempel te herstel. Die heropbou van die tempel sal geskied nie deur krag en geweld nie, maar deur die Gees van die Here.

Die kandelaar moes weer sy regmatige plek in die tempel in Jerusalem inneem en sy lig laat skyn. Die kerk se groot taak is om hierdie lig van die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld te verkondig, en die olie wat die kandelaar voed, is die beeld van die werking van die Heilige Gees in die kerk deur die Woord van God. Die kandelaar word nie deur mensehande gevoed nie, maar deur die olie uit die oliebak en die oliebak deur die twee olyfbome. Die Heilige Gees is die kragbron van die kerk en werk altyd deur die Woord in die harte en lewens van die gelowiges.

God die Heilige Gees hou die lamppitte van die kandelaar brandend sodat hierdie lig nooit weer gedoof sal word nie. Die werkswyse van die kerk is: “Nie met mag of krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.”

*Sing: Psalm 89:6 (1936-beryming)*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*